julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.” (1 Johannes 1v3) As Johannes vertroud was met ‘n derde God, sou hy ongetwyfeld verwag het dat ons ook gemeenskap met hom moes hê, maar daar is geen sprake van ‘n ander wese nie. Johannes verklaar verder, “Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hý het die Vader sowel as die Seun.” (2 Johannes 9) “Sowel” beteken twee en net twee. Dit stem ooreen met Sagaria. “en sê vir hom dit: So spreek die HERE van die leërskare: Kyk, daar kom ‘n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou. Ja, Hý sal die tempel van die HERE bou, en Hý sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy ‘n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan.” (Sagaria 6v12,13)

Toe Jesus met die Jode geredeneer het, het Jesus gesê, “ En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuienis van twee mense waar is. Dit is Ek wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My.” (Johannes 8v17,18) As ‘n derde wese ook namens Hom kon getuig, sou Jesus nie gehuiwer het om hom hier te noem nie.

Paulus verklaar ook, “Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie.” (1 Timoteus 5v21) Paulus het die engele as getuies aangeroep vir hierdie opdrag wat hy aan Timoteus gegee het. Let op wie Paulus as getuie vir homself roep. God die Vader en die Here Jesus Christus is natuurlik die eerste wat hy noem, maar Paulus stop nie daar nie. Hy roep ook al die engele van God om vir hom te getuig. As daar ‘n derde wese was wat gelyk is aan die Vader en die Seun, sou hy hom beslis hier genoem het. Hieroor is Paulus doodstil, wat duidelik bewys dat hy niks geweet het van ‘n derde god nie.

Ons kan met hierdie studie voortgaan omrede daar ‘n oorvloed Bybelverse is wat aandui dat daar net “een God, die Vader…is” en “een Here Jesus Christus” (1 Korintiërs 8v6) en nie ‘n versameling van gode in die Godheid nie.

Hierdie onderwerp is van die uiterste belang. Maak asseblief tyd om dit deeglik te ondersoek. Die enigste manier waarop ‘n regter ‘n regverdige besluit kan neem, is om na al die bewyse te kyk en hulle dan te oorweeg. Ek moedig elkeen aan om al die bewyse goed na te gaan voordat u ‘n besluit maak. “Hy wat antwoord gee voordat hy gehoor het, vir hom sal dit ‘n sotheid en ‘n skande wees.” (Spreuke 18v13)

Vir meer inligting oor hierdie, of ander belangrike Bybel onderwerpe kontak asseblief:

(Internasionaal) -

**www.revelation1412.org**
**www.present-truth.net**
**www.1god1body.org**

Southern Africa -
**iwww.missionservicesafrica.co.za**
**www.pioneermissionsafrica.co.za**
**Tel: (+27) (0)79 470 3941 / (0)79 586 2787**

PMAT 004A

# Die Heilige Gees

Jesus het gesê, “As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.” (Johannes 14v15-17) Jesus het duidelik gesê dat Hy ‘n “ander Trooster” sou stuur na Sy vertrek om Sy mense te troos.

Kom ons kyk eers na nog ‘n vers wat die woord “ander” gebruik. “En die Gees van die HERE sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle sal profeteer en in ‘n ander mens verander word… En net toe hy sy skouer draai om van Samuel af weg te gaan, het God sy hart verander, en al hierdie tekens het op dié dag uitgekom.” (1 Samuel 10v6,9) Saulus het daardie dag ‘n ander mens geword, alhoewel hy fisies dieselfde mens was. Sy ondervinding het hom ‘n ander mens gemaak.

Jesus het nie die gesprek in Johannes 14 met vers sewentien geëindig nie. In die volgende vers verklaar Hy duidelik: “Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.”(Johannes 14v18) Jesus het vir Sy dissipels gesê dat Hy na hulle toe sou kom as ‘n ander Trooster. Dit is heel toepaslik omrede die Bybel duidelik vir ons sê wie die Trooster is. Die Griekse woord “parakletos” vertaal “Trooster”, word 5 keer in die Bybel gebruik. Vier maal word dit as “Trooster” vertaal. Die vyfde keer word dit as “Voorspraak” vertaal. “ My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak [parakletos= Trooster] by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. (1 Johannes 2v1) God het hier duidelik uitgewys dat Jesus ons Trooster is.

## Die Here is daardie Gees

Wag net ‘n oomblik, sê die Bybel dan nou nie dat die Heilige Gees die Trooster is nie? (Johannes 14v26) Werklik waar, dit sê so. Wie is die Heilige Gees? Die Bybel verklaar: “Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. “(2 Korintiërs 3v17) Die Here is daardie Gees, maar wie is die Here? “tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.”(1 Korintiërs 8v6) Hierdie kan uitgedruk word in die vorm van ‘n wiskundige vergelyking:

Jesus Christus = die Here
Die Here = Die Gees
Daarom: Jesus Christus = Die Gees

Efesiërs 4v4 verklaar verder: “Dit is een liggaam en een Gees.” Daar is net een Gees en die Bybel sê vir ons dat daardie Gees die Here, Jesus Christus is, of om meer spesifiek te wees, die Gees van ons Here, Jesus Christus, wat Hy van Sy Vader ontvang het. “ En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!” (Galasiërs 4v6)

Wat presies is ‘n Gees? Volgens “Strong’s Concordance” en ook baie ander Griekse woordeboeke, is ‘n gees die “denke of gedagte”. Toe God die Gees van Sy Seun in julle harte gestuur het, het Hy die gedagtes, of die gesindheid van Sy Seun in julle harte gestuur. God vra ons ook “Want hierdie

gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. (Filippense 2v5) Die gedagtes, of die Gees wat Christus gehad het, was die Gees van die Vader. "Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie." (Johannes 3v34) Kom ons kyk wat sê die Bybel oor 'n gees.

## Die Bybelse Konsep van die Gees

"En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte?" (Markus 2v8) Jesus het "geweet"[Grieks – epiginosko – om te weet, of om te verstaan] in Sy Gees. Die Gees van Jesus is waar Hy geweet het en dinge verstaan het. Die Gees van Jesus is die denke van Jesus.

"Toe val die Gees [Hebreeus – ruwach #7307 in Strong's Concordance] van die HERE op my, en Hy sê vir my: Spreek, so sê die HERE: So het julle gespreek, o huis van Israel; en wat in julle gees [ ruwach] opkom, weet Ék."(Esegiël 11v5) Duidelik kan ons sien dat in hierdie vers verwys die woord "ruwach" na die Gees van God, maar ook die denke van die mense. Duidelik kan ons sien dat die gees van 'n indiwidu die denke of gedagtes is van daardie indiwidu. (Vergelyk ook Jesaja 40v13, Romeine 11v34)

"Aan wie het jy woorde te kenne gegee, en wie se gees het uit jou uitgegaan?" (Job26v4) Wanneer ons woorde spreek, wys ons wie se gees het ons. Ons het óf die gees van die wêreld , óf die gees van God, wat die Heilige Gees is. "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing."(Efesiërs 4v30)

Party mense beweer dat die "Heilige Gees" en die "Gees van God" twee verskillende dinge is. Soos u kan sien uit die vorige vers, is dit nie die geval nie. Die Bybel praat van "Die Heilige Gees van God."

God die Vader het 'n Gees "want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek." (Matteus 10v20) Jesus Christus het 'n Gees. "Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek,"(Filippense 1v19) Maar het die Heilige Gees 'n Gees? Party sal ja sê, terwyl andere nee sal sê. Maar wat sê die Skrif? "En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing." (Efesiërs 4v30) Nêrens vind ons dat die Bybel praat van die "Gees van die Heilige Gees" nie. Hoekom is dit so? Kan dit miskien wees dat die Heilige Gees die Gees is van God die Vader en Sy eniggebore Seun? Soos die Skrif duidelik sê, die Vader het 'n Gees en Sy Seun het 'n Gees, maar daar is net "een Gees". Klaarblyklik deel die Vader en die Seun dieselfde Gees terwyl hulle twee aparte indiwidue is. Dit is waar omrede hulle gedagtes dieselfde is; hulle is sielsgenote.

Die Vader het Sy Seun gesalf met Sy eie Gees. Daarom het hulle dieselfde Gees. "U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;" (Hebreërs 1v9) "Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie." (Johannes 3v34) Soos dit duidelik uitgewys word, deel die Vader en die Seun die Gees. Maar watter tipe Gees deel hulle? Sekerlik is dit 'n Heilige Gees. Die Bybel noem verskeie verskillende tipes gees. Ons lees van "onreine gees", "bose gees", "stomme gees", "voortreflike gees", "nederig van gees", "verslae gees", "gebroke gees", "goeie gees". Al hierdie geeste is onderskeibaar deur die byvoeglike naamwoord wat hulle beskryf. Ons weet dat God die Vader 'n Gees het, en kan daardie Gees enigiets anders as 'n Heilige Gees wees? Die woord "Heilige" is 'n byvoeglike naamwoord in alle gevalle, of dit nou in Afrikaans, Engels of Grieks is. "Heilige Gees" is nie 'n naam nie, maar 'n beskrywing van die Gees van God. Ons weet dat God die Vader 'n eienaam het wat "YHWH" is, anders bekend as "Yahweh" of "Jehova", en Sy eniggebore Seun het ook 'n eienaam, wat "Yahshua" of "Jesus" is. Maar wat, as ek mag vra, is die naam van die Heilige Gees?

## Ons Trooster

Tyd en spasie verhoed dat ons nie meer besonderhede gee nie, maar die werklike vraag is: "wie is ons Trooster?" Die Bybel sê dat ons Trooster Jesus Christus is, Hy kan ons in al ons versoekings vertroos deurdat Hy self onder versoeking gely het. "Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." (Hebreërs 2v18). Dit is "Christus onder (in - Engels) julle, die hoop van die heerlikheid." (Kolossense 1v27) . "Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is." (1 Johannes 4v4) Omdat Jesus onder versoeking gely het en nou na ons toe kom anders as vantevore, kan Hy werklik " 'n ander Trooster" (Johannes 14v16) genoem word. Jesus het gesê, "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." (Johannes 14v18)

Die Heilige Gees sou kom om die wêreld te oortuig van sonde. "en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel." (Johannes 16v8) "God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer. "(Handelinge 3v26) Dit is Jesus, na Sy opstanding, wat na ons toe kom om ons weg te draai van die sonde. Sou jy eerder 'n Trooster wou hê wat weet waardeur jy nou gaan omdat Hy Self dit deurgemaak het, of een wat nie empatie met jou ondervindinge het nie?

Sommiges sal onmiddellik sê "maar Jesus het die Heilige Gees 'Hom' genoem, so dit moet iemand anders wees as Hyself." Dit was nie ongewoon om in die dae van Christus na jouself in die derde persoon te verwys nie. Ons vind hierdie manier van skryf dwarsdeur die Nuwe Testament. "Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so. Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen. En groter werke as hierdie sal Hy Hom toon, sodat julle verwonderd kan wees. Want soos die Vader die dode opwek en lewend maak, so maak ook die Seun lewend wie Hy wil. Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee." ( Johannes 5v19-22) Jesus het van Homself in die derde persoon gepraat.

## Brief Begroetings

Vyftien van die sewe-en-twintig boeke van die Nuwe Testament begin met 'n sëengroet baie soortgelyk aan die een, "genade, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van God die Vader en van die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader, in waarheid en liefde" in 2 Johannes 3. In nie een van hierdie begroetings word melding gemaak van 'n derde wese nie. Net twee word genoem, die Vader en Sy Seun. Sekerlik, as daar 'n derde wese was wat ook aanbid en vereer moes word, sou die Nuwe Testament skrywers hom hier ingesluit het. Maar helaas daar is nie een wat hom noem nie!

Johannes verduidelik met wie ons gemeenskap moet hê. Hy sê, "wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat